

BENNIE EN DIE TONKELNOLSIE



DEUR JANA SNYMAN

KOPIEREG WORD VOORBEHOU DEUR DIE SKRYWER

Bennie en die tonkelnolsie...

“Eina, jy maak my seer,” skree Bennie terwyl hy Marius se hande van sy hare af wegklap.

“Ag, jy is ’n sussie,” lag Marius terwyl hy vir oulaas Bennie se hare trek en begin lag.

“Marius. Dis genoeg! Los jou boetie uit, nou dadelik!” raas Bennie en Marius se ma terwyl sy in die truspieëltjie na haar twee seuns kyk.

Bennie kyk by die venster uit terwyl die trane vlak in sy keel sit. Hy verstaan nie hoekom sy boetie altyd so mislik met hom moet wees nie. Al verskil hulle net ’n jaar, wil sy boetie nooit met hom speel nie en sê hy altyd die lelikste goed vir hom. Hy dink dis dalk oor sy been. Sy boetie is dalk skaam vir hom...

“Bennie, ek praat met jou...,” sny sy ma se woorde sy gedagtes in twee.

“Ja, Mamma?”

“Ek vra of jy al jou huiswerk gedoen het wat dokter Fanie vir jou gegee het.”

Bennie sug. Hy is glad nie lus om vandag weer na dokter Fanie toe te gaan nie. Elke keer as hy gaan, dan maak die dokter net sy been verder seer, en niks wat die dokter sê help ooit nie...

“Ja, Mamma...”

“Jy is ’n ou tonkelpoot,” lag Marius en kyk na sy boetie se skewe beentjie wat binnetoe gedraai is. Vandat hy kan onthou, noem sy boetie hom daardie naam. Nadat Bennie ook begin skool toe gaan het, het sy boetie hom heeltemal begin ignoreer. En die dae wat sy boetie hom wel raaksien, is net as hy saam met al die ander kinders hom tonkelpootjie noem en vir hom lag as hy sukkel om sy tas te dra of as die trappe te veel raak vir hom. Hy sal nooit iets meer wees as ou tonkelpootjie nie...

Nadat Bennie en sy ma terug is by die huis na sy afspraak by dokter Fanie, gaan sit Bennie in die agtertuin van hulle huis op die swaai en wieg heen en weer met sy beentjie in die lug.

Hy wens hy was anders. Hoekom kon hy nie ook normaal wees en saam met al die ander kinders speel nie? Hy moes al van jongs af kyk hoe sy boetie en ander maatjies rondhardloop, atletiek doen en altyd die coolste skoene aantrek, terwyl hy altyd net tevrede moet wees met wat dokter Fanie hom kan gee. Bennie kyk ingedagte na sy beentjie en besluit net daar en dan dat hy nou genoeg gehad het. Hy wil ook op avonture gaan, hy wil ook normaal wees en nie gespot word nie. Hy wil ook die persoon wees met wie almal maatjies wil wees.

Bennie klim doelbewus van die swaai af en stap na die agterste tuinkekkie. Met dom vingers wikkel hy die slotte los wat sy pa so mooi vasgemaak het. Hy het nog nooit die paadjie na die berg toe aangedurf nie, want sy ma-hulle het nog altyd gesê dis te onveilig vir hom, want hy mag dalk val en seerkry, maar vandag gee hy nie 'n bloue kalkoenveer om nie. Hy gaan vandag by die berg opstap, kom wat wil! Bennie staan 'n rukkie en rondkyk nadat hy die hekkie agter hom toegetrek het. Net om seker te maak sy ma en pa het hom nie gesien nie.

Hulle huis is teen die voet van die berg, met 'n klein grondpaadjie wat na boontoe lei. Bennie kyk effens benoud na hoe hy met die klein bergpaadjie tot bo gaan kom, maar sonder skroom begin hy stadig maar seker die berg opstap. Daar is klomp klippies en graspolletjies wat hom keer op keer amper laat val. Halfpad teen die berg uit, stop hy en kyk terug na waar die huis al 'n entjie vêrder weg is, en dan ook na sy beentjie wat teen hierdie tyd al baie seer is.

Bennie begin wonder of hy nie maar moet terugstap nie? Sy beentjie is darem baie seer. Hy kyk nog so 'n rukkie rond en besluit om onder een van die doringbome te gaan sit net totdat sy been beter voel. Hy kan nie help om hartseer te voel nie...

Hy kan vervlaks nie eens 'n berg klim nie! Moedeloos tel hy 'n klippie op en gooi dit hard teen die grond. Voordat hy nog een kan optel, voel Bennie 'n nat blerts op sy skouer.

“Ag, sies man!” skree hy hard en klap met sy hande om sy gesig om te voel waar die gogga en sy poef vanaand kom.

“Skuus daaroor,” hoor Bennie hier langs sy kop.

Bennie kyk verbaas op en sien die kleinste voëltjie om sy kop fladder.

“Hoe-hoekom praat jy? Dis so *weird*. En hoekom poef jy op my, man?” vra Bennie nog steeds geïrriteerd.

“Pasop, ek gaan kom land,” sê die voëltjie en begin met al sy vere woes tekere gaan. Dis eers toe die voëltjie naderkom dat Bennie dit sien. Hy het net een pootjie. Hoe gaan hy dan land?

Die voëltjie skarrel 'n hele rukkie en waai sy vere en vlerke alle kante toe tot hy hinkepink op sy een pootjie land. Bennie kyk verbaas na die voëltjie voor hom. Eerstens verstaan hy nie hoe hy met 'n voël praat nie. Sy boetie sal hom mos nou eers terg! En tweedens, hoe land 'n voëltjie op een beentjie? Nee, wraggies waar!

“Ahhh, en nou kan ons mekaar ontmoet,” sê die voëltjie terwyl hy sy vere na die rowwe landing regskud. “Ek is Tonkelnolsie en die Prins van Nolsie-land het my gestuur.” Tonkelnolsie strek sy vlerk na Bennie toe uit, so asof hy sy hand wil skud.

Bennie kyk verdwaas na die voëltjie hier voor sy voete... Tonkelnolsie? Nolsie-land? Hy sal nooit weer stout wees en alleen berge toe gaan nie. Nee, sy ma was reg. Hier bly regtig toordokters in die berge. Aikôna!

“Moenie so bang lyk nie, man!” praat Tonkelnolsie terwyl hy hop-hop tot voor Bennie se bene en tot stilstand kom.

Bennie kyk 'n rukkie lank na Tonkelnolsie en wonder hoekom hy so met sy een beentjie rondvlieg.

“Hoekom vlieg jy as jy net een been het?” vra Bennie. “Is jy nie bang jy val of iets nie,” wil hy nuuskierig weet.

Tonkelnolsie fladder sy vlerke so bietjie net om sy staanplek te kry.

“Nee, natuurlik nie,” antwoord Tonkelnolsie. “Hoekom sal ek bang wees? Ek het my vlerke, ek kan nog vlieg...ek moet wel harder werk as die ander voëltjies om te land en insekte te vang, maar dit gaan mos nie oor wat ek nie het nie? Dit gaan oor wat ek wel het...”

“Hoe bedoel jy?” vra Bennie. “Jy kan mos nie doen wat al die ander kan doen nie? Terg hulle jou nie ook nie?” vra hy verbaas.

Tonkelnolsie dink so oomblik voor hy weer met 'n vaart opvlieg en voor Bennie se oë tot stilstand kom, rondfladder en dan weer 'n rukkie lank rondvlieg voor hy onke-ponk land.

“Voila! Sien? Ek kan presies doen wat 'n normale voëltjie kan doen, maar net met meer moeite.”

“Dis maklik vir jou, want jy is 'n voël,” snou Bennie hom toe. “Kyk na my. Almal noem my tonkelpootjie, omdat my been anders lyk as al die ander kinders se bene en ek nie kan doen wat hulle kan doen nie,” laat Bennie moedeloos van hom hoor.

“Alle magtie, en hoekom nie?” vra Tonkelnolsie verbaas. “Ek het ook 'n tonkelpootjie, en die ander diere van Nolsie-land spot my ook, maar dit gaan my mos nie keer om te vlieg nie?”

Bennie staar 'n oomblik lank na Tonkelnolsie en dink bietjie na oor wat hy sê. Wel, hy kan seker probeer om te hardloop? En hy kan seker ook probeer om normale skoene aan te trek? En hy kan beslis sy boetie se albasters wegsteek, sodat hy hom kan ophou spot!

“Dink jy ek kan ook soos jy wees Tonkelnolsie?” vra Bennie huiwerig.

“Ag, maar natuurlik kan jy,” sê Tonkelnolsie. “Jy gaan net so bietjie harder moet werk as jou maatjies, maar jy kan alles doen wat jy vir jouself sê jy wil. Kyk, jy het dan die berg opgestap...”

“Mmmm, dit is seker waar...” praat Bennie saggies met homself. Hy het nog nooit gedink dat hy nes die anders kinders kan wees nie.

“Ek en jy het albei tonkelbeentjies, maar ek het my vlerke en jy ook.”

“Is nie, ek het mos nie vlerke nie,” lag Bennie.

“Wel jy het. Jou Nolsie-engeltjies kyk altyd uit vir jou...” laat Tonkelnolsie hoor.

“En onthou, wanneer jy ons ook al nodig het, jy sal ons net hier kry. En in die lug, vanwaar ons poef op die kinders wat jou spot,” sê Tonkelnolsie ondeund, terwyl hy sy vere regs-kud om weer op te styg.

“Maar wag, Tonkelnolsie,” laat Bennie hoor. “Wat moet ek nou doen?”

“Jy gaan afstap, jou boetie se albasters wegsteek, jou skoene weggooi en jy gaan nie meer luister na enigeen wat jou tonkelbeentjie noem nie, so maklik soos dit.”

“Dankie, Tonkelnolsie,” sê Bennie en tel hom op en gee hom ’n stywe drukkie dat jy net sien vere waai.

“Moenie my vere uitpluk nie,” lag Tonkelnolsie, terwyl hy sy vlerke begin fladder.

Bennie staan vasberade op en begin die klein paadjie van die berg af huis toe stap. Hy gaan nie meer een dag langer tonkelbeentjie wees nie. Nee, van vandag af is hy deel van Nolsie-land se mense, en gaan hy nie langer skaam wees vir sy beentjie nie.

“Hiert, jy loop vinnig, ek kan nie byhou nie,” laat Tonkelnolsie vanuit die lug hoor.

Bennie skater van die lag. “Sien, my tonkelbeentjie is nou ’n wonderbeentjie,” en met daardie woorde stap Bennie opgewonde huis toe, reg om sy boetie se albasters te gaan wegsteek...

Maatjies, dis belangrik om altyd te onthou dat elkeen nie dieselfde lyk of is nie. Tog moet jy altyd elke maatjie respekteer vir wie en wat hulle is. Net omdat jy of iemand anders nie dieselfde as jou maatjies lyk nie, beteken nie daar is iets verkeerd met jou nie. Dit beteken net jy het ’n super power wat niemand anders het nie! Wees trots op wie jy is!